Lekkerbekkie

Gratis e-tydskrif vir ouers en kleuters

Uitgawe 19

November 2012

Inhoud

Artikels

Ons gesels met akteur Anrich Herbst... oor pa-wees 3
Verminder spanning in jou kind se lewe 4
Pienkvoet Pret: Musiek vir die maatjies 5
Kuns: Skadu poppe 6
Ontmoet die vrou agter *Soetlief* 7
Oulike produkte: Word 'n Goue Lid en spaar! 8
Oulike foto's 9

Vir die kleingoed

Storie: Lekkerbekkie tel klippies op 1
Inkleurprentjie 2
Speletjie: Doolhof 10

Bak en brou

Resep: Oreo goggas 6

Ekstra

Oulike webwerwe..... 10
Storieklub-vorm 11

Model: Ruan Portwig | Fotograaf: Anneke Basson

Wat jou hart van vol is…

Die afgelope maand was dit maar bedrywig by Anna Emm Productions. Ons het 'n nuwe Afrikaanse storie-DVD vrygestel, en begin vervaardig aan nog twee kinder-DVD's wat nou in November vrygestel word. Ons het stories geskryf, karakterstemmetjies opgeneem, pop gespeel en baie gelag! Daar was baie druk en soms het die gemoedere hoog geloop, maar dit het my net weer laat besef hoe belangrik dit is dat jy jou besig hou met die dinge wat jou as mens vol maak en stimuleer. En hoe belangrik dit is dat jy jou kinders van kleinsaf help om uit te vind wat die dinge is wat húlle vol maak en stimuleer.

In hierdie uitgawe van *Lekkerbekkie* gesels ek met Anrich Herbst oor die sagte plekkie wat hy vir sy twee seuntjies het. Anrich het die afgelope jaar lang ure in ons kantore deurgebring, en ek het hom leer ken as 'n sagte mens wat trane in sy oë kry as hy oor sy kinders praat. Ek wou graag daardie kant van hierdie bekende persoon met julle deel.

Ons maak ook goggas van Oreo-koekies, speel met skadu-poppe, en gee raad oor hoe jy jou kind kan help om spanning te hanteer.

Kyk uit vir ons volgende Lekkerbekkie in Desember – daar wag 'n paar groot (opwindende) veranderinge!

Groete uit die kantoor
Anna Emm

© Anna Emm Productions 2012

Lekkerbekkie tel klippies op

Een oggend vroeg besluit Lekkerbekkie Muis om vir sy vriend, Oupa Uil, te gaan kuier daar in die donker bos. Oupa Uil woon in een van die hoogste bome in die bos, en om daar te kom moet Lekkerbekkie Muis al met die paadjie langs stap.

Lekkerbekkie Muis stap by die rivier verby en sien hoe mooi die rivier se bruin klippies in die son blink.

“Ek gaan een van die klippies vir Oupa Uil saamvat,” dink hy. “Die klippies is net so bruin soos sy vere. Hy sal sommer baie daarvan hou!”

Lekkerbekkie Muis buk en tel een van die gladde, bruin klippies op. Maar dan sien hy ‘n witterige klippie onder die water blink.

“Dalk moet ek daardie wit klippie ook vir Oupa Uil saamvat,” dink hy. “Dis net so wit soos die sagte veertjies op sy magie. Hy sal sommer baie daarvan hou.”

Lekkerbekkie Muis sit die bruin klippie en die wit klippie in sy sak, maar net toe hy wil verder stap, sien hy ‘n gryserige klippie op die wal van die rivier.

“Sjoe, dis ‘n mooi grys klippie!” dink Lekkerbekkie Muis opgewonde. “Ek dink ek moet dit ook vir Oupa Uil saamvat, want dis net so grys soos die veertjies op sy kop. Hy sal sommer baie daarvan hou.”

Nou sit Lekkerbekkie Muis die grys klippie ook in sy sak. Hy wil net weer verder stap toe hy twee gelerige klippies onder die sand sien uitsteek.

“Dis die mooiste geel klippies wat ek nog gesien het!” roep hy uit en tel dit op. “Ek gaan hierdie klippies ook vir Oupa Uil saamvat. Hy is baie lief vir geel en dis amper dieselfde kleur as sy snawel. Hy sal sommer baie daarvan hou!”

Maar o aarde, toe Lekkerbekkie Muis die geel klippies ook in sy sak druk, is sy lyfie sommer baie swaar van al die klippe. Nou kan hy glad nie beweeg nie! Hy probeer een tree gee… maar die klippies maak sy beentjie swaar! Hy probeer skuif-skuif in die paadjie af, maar die klippies maak sy lyfie swaar en hy kan nie skuif nie.

“Wat maak jy, Lekkerbekkie Muis?” vra die hasies wat met die paadjie langs wip.

“Ek is oppad na Oupa Uil toe,” sug Lekkerbekkie Muis, “en ek het vir hom hierdie mooi klippies opgetel. Maar nou kan ek dit glad nie dra nie. Dis te swaar!”

“Ons is óók oppad na Oupa Uil toe!” lag die hasies. “As jy wil, sal ons jou help om die klippies te dra!”

En toe vat die hasies die twee geel klippies, die grys klippie en die wit klippie, en Lekkerbekkie Muis vat die gladde bruin klippie. Hulle dra dit al die pad tot by Oupa Uil se huis! Hy was baie bly om hulle te sien, en hy was vreeslik bly oor die mooi klippies wat Lekkerbekkie Muis vir hom opgetel het!

Anna Emm het al meer as 700 kinderstories geskryf en op CD vrygestel. Sy woon in Kaapstad en is getroud met 3D animasie kunstenaar, Stefan van der Vyver. Sy is ma van Elanie (12) en Mila (1). ***www.annaemm.co.za***

© Anna Emm Productions 2012

Kleur in Lekkerbekkie tel klippies op



© Anna Emm Productions 2012

Akteur Anrich Herbst... oor pa-wees

Anrich Herbst is nou reeds vir jare een van die gewildste gesigte op televisie. By Anna Emm Productions het ons paaie met hom gekruis tydens die opnames van verskeie kinderstorie-CD's. Die afgelope tyd is daar baie dinge oor hom gesê en geskryf in die media, maar wat my (Anna) altyd sal bybly, is die sagte plek wat hy vir sy twee seuntjies, Kristian en Daniël, het. Ons wou graag hierdie weerlose kant van Anrich Herbst aan ons lesers bekend stel, en het met hom gesels oor hoe pa-wees sy lewe verander het.

Hoe oud is jou kinders nou en hoe verskil hulle persoonlikhede?
Kristian is 2 jaar en 9 maande en Daniël is in November 1. Jong, ek is seker daar is al sterk persoonlikheidstrekke, maar op hierdie stadium is ek nog net heeltemal te betower deur hulle blote teenwoordigheid! Kristian is nog so klein, maar reeds in staat tot soveel dinge. Ek dink hy het nog nie al die vaardighede om uiting te gee aan alles nie! Soms sal hy iets wil kommunikeer em dan raak hy gefrustreerd omdat hy nie die woorde kry nie. Dit kan nogals 'n uitdaging wees! Daniël weer moet basies dopgehou word sodat hy nie van 'n boekrak afval, iets gevaarliks insluk of sy kop in die toilet bêre nie! Kristian is meer die introvert van die twee, en ook perfeksionisties, terwyl sy boetie baie "happy-go-lucky" is.

Wie is Anrich Herbst, die pappa? Hoe het die geboorte van jou kinders jou verander?
Ek sien myself as 'n doodgewone pa wat vrek trots daarop is om 'n pa te mag wees. Ek was baie senuweeagtig net voor Kristian se geboorte, maar toe hy eers sy verskyning gemaak het, het dit plek gemaak vir 'n liefde wat moeilik is om te beskryf. Die twee outjies het beslis my fokus geword vandat hulle die lig gesien het, en al my toekomsplanne draai nou rondom hulle.

Jy woon ver van jou kinders af en sien hulle nie elke dag nie. Wat doen dit aan 'n pa se hart? Wat mis jy die meeste?
Aan die begin het die skeiding my soos 'n mislukking laat voel, maar ek het later begin besef dat ek my beste vir hulle wil gee en dat dit genoeg is. Die tyd wat ons wel saam het, is nou soveel kosbaarder en ek probeer hard om dit nie te vermors nie. Ek mis dit steeds die meeste om vir hulle nag te sê en daar te wees as hulle iemand nodig het vir enigiets, enige tyd.

Hoe spandeer jy die tyd wat jy wel saam met jou kinders het?
Daniël is nog te klein om saam met my en Kristian te kom as ek hom gaan haal (gewoonlik elke tweede Saterdag) vir ons kuiertjie. Die (Kaapse!) weer dikteer gewoonlik ons bewegings, maar ons speel graag by die see. Soms kleur ons net in, of hy ry op sy fietsie. Middae braai ons saam, en ons gaan gereeld op 'n boot in die hawe uit. Ek dink die belangrikste is om "teenwoordig" te wees terwyl ek by hulle is. Deesdae kuier ons sommer by

hulle huis sodat ek en Daniël ook bymekaar kan uitkom. Ek sien baie uit daarna om sport saam met hulle te kan geniet eendag – krieket, rugby, tennis – of dan wat ookal hulle belangstellings gaan wees. Ek wil hulle graag eendag vat om te gaan kamp, en hulle bosveld toe vat… sjoe… die lys is eindeloos!

Wat sal jy graag wil hê jou kinders moet weet van hulle pa?
Dat hy sy bes gedoen het om die beste Anrich en pappa te wees wat hy kon.

Dis maar moeilik vir 'n bekende persoonlikheid om jou kinders so in die publieke oog groot te maak. Hoe *deal* julle met die publiek se belangstelling wanneer julle uitgaan?
Die kinders maak dit – vir mý in elk geval – makliker om die aandag te hanteer omdat ek kan fokus op hulle, en hulle is salig onbewus van enige spesiale aandag.

Wat is jou drome vir jou kinders?
Dat hulle sterk, liefdevol en vol hoop die wêreld sal ingaan en hulle potensiaal bereik. En dat hulle met integriteit net hulleself kan wees.

Foto: Lizl Bode Photography
http://www.facebook.com/lizlbode

© Anna Emm Productions 2012

Wat kan ek doen om spanning in my kind se lewe minder te maak?

Kinders reageer verskillend op spanning. Sommige kinders word gebore met “easy-going” persoonlikhede wat goed met almal oor die weg kom en maklik aanpas by veranderinge. Ander kinders word weer maklik ontwrig en ontstel deur veranderinge in hulle omstandighede en roetines. Ons kan nie ons kinders se persoonlikhede verander nie, maar ons kan hulle wel leer hoe om spanning te hanteer.

Let op na die volgende simptome van spanning in jou kind:

(1) fisiese simptome soos hoofpyn, maagpyn, braking of bed-natmaak;
(2) emosionele simptome soos vrees, irritasie en hartseer;
(3) gedragsimptome soos huilbuie, senuweeagtigheid of woede-uitbarstings, en
(4) sosiale simptome soos teruggetrokkenheid, tergery of afknouery en uitermatige skaamheid.

In ’n klassituasie kan ’n kind wat gespanne is, dit moeilik vind om te konsentreer of takies te voltooi. Die manier waarop jy kan onderskei tussen jou kind se persoonlikheidstrekke en die gevolge van spanning, is deur te let op VERANDERINGE in jou kind. Wanneer ’n sosiale kind skielik teruggetrokke raak, of wanneer ’n maklike kind skielik buierig en geïrriteerd raak, is dit heel moontlik simptome van spanning. Jy kan jou kind meer weerbaar maak teen spanning in sy lewe deur te sorg dat hy ’n goeie, liefdevolle verhouding met ten minste een van sy ouers het, dat hy glo in sy eie vermoëns en sy eie waarde, dat hy weet hoe om probleme op te los, en dat hy gesonde rolmodelle het. Help jou kind om te praat deur nie druk op hom te sit met direkte vrae nie, maar eerder in die motor of voor slaaptyd oor sy dag te gesels. Moenie kritiek lewer nie, want dan sal hy nie weer met jou oor sy probleme wil gesels nie. Sorg dat hy genoeg oefening kry en dat hy gesond eet. Leer vir hom dat gesonde kos sy lyfie help om spanning te hanteer. Gee baie drukkies en vryf sy ruggie.

Fisiese kontak is ’n baie goeie spanning-afleier. Onthou dat jy as ouer ’n rolmodel vir jou kind is in die manier waarop jy self spanning hanteer. In hierdie moderne era waar omstandighede baie druk op huishoudings plaas, het jy ’n wonderlike geleentheid om jou kind deur jou voorbeeld te wys hoe om onder spanning op te tree, hoe om te kommunikeer en hoe om te ontspan. Gesels met hom oor die dinge wat jou gespanne maak en hoe jy probeer om dit te hanteer.

Die storie "Wat is fout met Michael?" help kinders om spanning te hanteer.

Vita Stories

24 Dierestories wat kinders help met kwessies soos boelies, terg, egskeiding, groepsdruk, bang vir die donker,en spanning.

Slegs R40 per CD!

Kies van 24 onderwerpe

www.AnnaEmm.co.za

DIE Vita Stories REEKS

is ’n versameling van 24 heerlike dierestories op CD, vir kinders 3-9.
Elke storie is geskryf rondom ’n ander sosiale kwessie
en word ingespan om vir kinders lewensvaardighede,
emosionele weerbaarheid en positiewe gedagtepatrone te leer.

Elke CD sluit in : ’n luisterstorie oor ’n spesifieke kwessie, ’n inkleurprentjie, ’n ouerhandleiding, en die storie in teksformaat vir voorlees.

CD1: Die oranje stertjie - EGSKEIDING
CD2: Frikke die erdwurm - VREES VIR DIE DONKER
CD3: Daar was eenmaal ’n kewertjie - MISLUKKING
CD4: Die beertjie met die seer tand - SKEIDINGSANGS
CD5: Lappie die teddiebeer - NUWE BABA
CD6: Skilpad en die jakkalsies - BOELIES
CD7: Voëls van die sonskynbos - DOOD IN DIE FAMILIE
CD8: Nollie die klein varkie - AGGRESSIEWE GEDRAG
CD9: Wie sing so? - SPANNING IN DIE HUIS
CD10: Pietertjie en Paultjie - SIEKTE IN DIE FAMILIE
CD11: Timmie in die moeilikheid - GROEPSDRUK
CD12: Topsie die seekat - DIE EENKANTKIND
CD13: Kosie Krokodil - MISLUKKING
CD14: Die ou hoekie en nuwe hoekie - EGSKEIDING
CD15: Ignatius gaan skooltoe - VREES VIR SKOOL
CD16: Stompie is ongelukkig - DEPRESSIE
CD17: Dingetjie sonder naam - LAE SELFBEELD
CD18: Wat is fout met Michael? - SPANNING
CD19: Montie die apie - DIE EENKANTKIND
CD20: Sewe klein katjies - TERG
CD21: Dippie tel ’n eiertjie op - HARTSEER
CD22: Moenie die bessies eet nie - DWELMS
CD23: Kleinbeer se geheim - MISHANDELING
CD24: Bang Bennie - VREES

R40 per dubbel CD / R650 vir die volledige reeks op 6 CDs

www.AnnaEmm.co.za

© Anna Emm Productions 2012

Musiek is ‘n wonderlike manier om jou baba te **stimuleer!** Dit verbeter sy konsentrasie, luistervaardighede en emosionele ontwikkeling.

Swanger ma’s kan reeds in die laaste trimester van hul **swangerskap** rustige en strelende Barokmusiek speel. Jou pasgebore baba sal daardie musiek kan herken.

Stel jou baba elke dag aan die wonderwêreld van musiek bekend. Of dit nou jou eie weergawe van ou bekende (maar vergete!) **kinderliedjies** is, of Mozart en Beethoven, solank hy net musiek kan hoor!!!!

Herhaal sekere liedjies gereeld, sodat baba die melodie en ritme kan leer. En kort voor lank sing jou baba saam!

Babas is versot op **aksieliedjies**! Laat hul saam met jou die bewegings doen en maak ‘n heerlike speletjie daarvan! ‘n Oulike CD of drie werk soos ‘n bom in die kar vir die lang pad!

Die heel beste manier om ‘n skreeuende **koliekbaba** rustig te maak, is deur musiek! Speel rustige, kalmerende musiek. Harde, ritmiese musiek gaan hom net meer opwerk! ‘n Wenwenk is om jou baba sommer in ‘n handdoek heen en weer op die musiek te swaai - hier moet die pappas of jou bediende help!

Gee vir jou baba **instrumente** om ritmies te skud. Babas geniet dit vreeslik! Kleuters kan jou ook help om instrumente self te maak. Hier is ‘n paar oulike idees vir maklike instrumente:

- Laat hul twee papierglasies met klippe, boontjies of rys vul. Plak albei met breë cellotape aan mekaar vas. Versier met plakkers of sterretjies.
- Verf leë blikke helderkleurig en gebruik as dromme.
- Bind klokkies aan rekkies of pypskoonmakers vas en sit aan baba se bene en arms.

Uit jou **kombuis** kan wonderlike musiek gemaak word:

- Laat baba die rasper krap met ‘n lepel
- Slaan Tupper houers en koekblikke met lepels
- Slaan lepels teenmekaar
- Vul glase met verskillende hoeveelhede water en laat hy dit met ‘n teelepel slaan - sy eie xilofoon!
- Vryf kruidenierware-sakke teenmekaar
- Slaan deksels van potte teenmekaar

Ek nooi jou uit om ‘n gratis les te kom bywoon by **PIENKVOET-PRET** waar ons al spelende leer. Babas tussen 3 maande en 3 jaar woon die klas saam met Mamma by.

Klasse is ‘n uur en ‘n half lank en tydens die les word alle vlakke van ontwikkeling aangeraak. Ons leer jou hoe om jou baba speel-speel te stimuleer en gee vir jou wenke en idees wat jy tuis kan herhaal. Ons klasse is propvol musiek en liedjies wat jy saam met jou kleinding kan geniet! Ons stel ook Desember ons eerste musiek CD bekend met op-en-wakker saamsing aksieliedjies!

Vir meer inligting en om jou plekkie te bespreek vir 2013, besoek gerus ons webwerf by www.pienkvoetpret.co.za

Gaan kyk ook na ons oulike DVD op Facebook!

© Anna Emm Productions 2012

Kuns

Skryf 'n storie, maak jou eie karakters, en hou laat in die aand 'n lekker konsert!

Wat jy nodig het:

1. Lekker dik karton
2. Koki
3. Skêr
4. Sosatie-stokkies
5. Cellotape
6. Skerp lig of flits

Wat jy moet doen:

1. Teken die buitelyne van jou karakters op die dik karton. Maak seker dat daar baie detail is soos armpies, poniesterte, ens.

2. Knip nou die karakters op die buitelyne uit.

3. Plak die sosatiestokkie met cellotape aan die agterkant van die karton-karakter vas.

4. Nou begin die pret! Wag tot dit lekker donker is, en vra dan vir Pappa of Mamma om 'n skerp lig vir jou aan te sit.

Speel met die poppe voor die lig sodat hulle skaduwees teen die muur gooi….

Resep

Speel lekker met jou Oreo's met hierdie resep!

Wat jy nodig het:

1. Oreo Koekies
2. Versiersuiker
3. Smarties
4. Liquorice repies

Wat jy moet doen:

1. Maak die versiersuiker met 'n klein bietjie water aan. Jy gaan dit as "gom" gebruik. Gooi net bietjies-bietjies water by, want anders gaan jou versiersuiker-gom te loperig wees!

2. Sny die Liquorice in kort dun pootjies.

3. Plak nou die pootjies onderaan die Oreo lyfie vas met die versiersuiker.

4. Gebruik weer jou versiersuiker-gom en plak die smarties bo-op die Oreo lyfie vir ogies.

© Anna Emm Productions 2012

Ontmoet die vrou agter die bekende *Soetlief*-program

***Cynthia Linde** is die outeur van die **Soetlief-program** wat in 2002 begin is. Sy het haar honneurs-graad in Sielkunde verwerf en vanaf 1998 met kinders en die jeug gewerk. Tot op hede het sy alreeds met 3000 kinders gewerk. Lekkerbekkie het met haar gaan gesels oor **Soetlief**.*

Wat is Soetlief? En hoekom is so 'n program nodig?
Soetlief is 'n emosionele en sosiale vaardigheidsprogram vir kinders vanaf 3 jaar oud tot in die tiener-stadium.

Dit is 'n program wat kinders bemagtig en hulle toerus vir die lewe. **Soetlief** leer kinders om hul emosies te identifiseer, beheer en te kommunikeer sodat hulle self en ander dit verstaan. Kinders word geleer wat om nie te doen nie, maar selde wat om te doen.

Wat dink jy is die grootste emosionele uitdagings vir kinders op skool?
Ons fokus baie op die vier basiese emosies – gelukkig, kwaad, bang en hartseer.

Die dominante emosie wat ons verlede jaar by kinders ervaar het, was aggressie. Dit is 'n sekondêre emosie wat ontstaan uit die onvermoë om hartseer en vrees gepas te hanteer.

Hierdie jaar is dit asof kinders net baie meer hartseer ervarings en stories gehad het as voorheen.

Waar het die idee van Soetlief ontstaan, en hoe lank bestaan Soetlief nou al?
Ek het baie met jongmense gewerk en gevind dat baie van hulle nie weet hoe om hulle emosies te identifiseer of te kommunikeer nie. Daar was baie programme vir volwassenes, maar ek kon nêrens so 'n tipe program vir kinders vind nie. Ek het begin om die program te ontwikkel.

Teen die ouderdom van 5 jaar moet 'n kind die vier basiese emosies kan identifiseer, beheer en kommunikeer. Teen die ouderdom van 12 jaar moet 'n kind dit met komplekse emosies kan doen.

Ek wil deur 'n vriendelike omgewing hul help om abstrakte konsepte konkreet en verstaanbaar te maak.

Wat is die tipiese dinge wat kinders in 'n Soetlief-klassie doen?
In **Soetlief** maak ons baie gebruik van visuele middele om abstrakte konsepte vir kinders oor te dra en sodoende beginsels te leer.

Ons maak gebruik van stories, liedjies, gedigte, aktiwiteitsborde, speletjies en kreatiewe aktiwiteite.

Hoeveel takke het julle, en is dit reg oor Suid-Afrika?
Daar is tans 21 aanbieders. Hierdie aanbieders is in die Wes-Kaap, Port Elizabeth, Jeffreysbaai, Bloemfontein en Pretoria. **Soetlief** is nie huidiglik 'n 'franchise' nie, maar 'n program wat deur gekwalifiseerde persone aangebied word.

Alle aanbieders wat gekontrakteer word, het 'n onderwys, maatskaplike, sielkunde en selfs teologie kwalifikasie.

Wat is vir jou die grootste uitdaging in hierdie besigheid?
'n Ouer kan sy kind met 'n klomp dinge help, maar dit is nie sy fokus en spesialiteit nie.

Die grootste uitdaging is om ouers te kry om die belangrikheid en waarde van hierdie program vir hul kinders in te sien. 85% van ons kinders is gewone kinders, wat uit gewone huise kom. Hierdie ouers stuur hulle kinders om hulle te bemagtig.

Is daar enige getuienis of sukses-storie wat jy met ons wil deel?
Ouers rapporteer dat wanneer daar dood in die familie is, hulle 'n duidelike onderskeid kan tref tussen die kind wat **Soetlief** gedoen het en die kind in hul huis wat dit nie gedoen het nie.

Soetlief-kinders is baie meer in beheer, weet wat aangaan en hanteer die gebeure baie beter as selfs hul ouers.

Dan is daar 'n 'n seuntjie in my

groep wat effe groot gebou is. Een maal was hy baie hartseer oor 'n lelike opmerking van iemand en ek het toe gesê dat sy lyfie effens groter is omdat sy hart groot is van al die liefde, omgee en mooi dinge.

Hy het toe teruggegaan na die maatjie en gesê: 'My lyfie is groot want my hart is groot van al die liefde. En, hoe sou ek nou gelyk het met 'n groot kop?'

Wat is vir jou die lekkerste deel van jou werk?
Aan die begin van elke jaar land die nuwe gesiggies voor my.

My keel trek toe en my maag op 'n knop, want ek sê vir ouers dat **Soetlief** 'n impak het op kinders en dan moet ek doen wat ek gesê het…integriteit.

Die lekkerste is wanneer die getuienisse begin kom van die verskil wat dit in kinders se lewens maak.

Hoe sien jy die toekoms van Soetlief? Wat wil jy graag nog sien gebeur in jou besigheid?
Ek hoop dat **Soetlief** iets sal word wat elke kind in elke wêrelddeel sou kon ontvang. Ek hoop dat daar meer mense vorendag sal kom wat 'n passie het om Soetlief aan te bied.

Dit sal wonderlik wees indien die onderwysdepartement die waarde kon sien en ons meer vryheid kon gee om met kinders in skoolverband te werk. Hierdie jaar het ek begin met onderwyser-seminare vir die grondslagfase.

Onderwysers is nie altyd opgelei of opgewasse om die emosionele uitdagings te hanteer nie. Die ideaal sou wees dat universiteite die waarde hiervan sien en onderwysers reeds op universiteitvlak hiermee bemagtig.

Kontak gerus vir Cynthia Linde indien jy jou kind wil bemagtig, of self 'n aanbieder wil word!

Cynthia Linde
082 874 4885
cynthia@soetlief.co.za
www.soetlief.co.za

© Anna Emm Productions 2012

Word ‘n Goue Lid en spaar!

Al ons storie-kliënte kan naderstaan, want dis weer daardie tyd van die jaar! Elke jaar gee ons by Anna Emm Productions vir ons lojale kliënte die geleentheid om ‘n Goue Lidmaatskap te koop vir die jaar wat volg. Goue Lede ontvang alle nuwe vrystellings outomaties in die pos teen verlaagde pryse, en betaal geen posgeld nie!

In 2013 ontvang Goue Lede nie minder nie as 15 splinternuwe storie-DVD’s uit die pen van Anna Emm! Die DVD’s word maandelikse vrygestel en aan Goue Lede gepos, sonder dat hulle bestellings hoef te plaas of posgeld hoef te betaal. Goue Lede kry ook R20 afslag op elke DVD, en spaar dus tussen R350 en R750 op die produkte!

Omdat ons so baie lojale kliënte het wat elke maand getrou AL ons nuwer produkte aankoop, het ons besluit om die Goue Lidmaat-opsie jaarliks in te stel. Nou hoef jy nie meer elke maand ‘n bestelling te plaas, ‘n betaling te maak, en posgeld te betaal nie. En jy hoef nie meer bang te wees dat jy per ongeluk een of twee van die produkte sal misloop nie! Gedurende die afgelope jaar het ons Goue Lede meer as R3000 se nuwe produkte ontvang!

Om ‘n Goue Lid vir 2013 te word en al 15 nuwe DVD vrystellings deur die loop van die jaar te ontvang, moet jy voor 31 Desember 2012 ‘n eenmalige bedrag van R1500 na ons rekening betaal (Anna Emm Productions, ABSA 916 338 0225, Takkode 632005) met jou naam as verwysing.

Stuur dan jou posadres en kontakbesonderhede na lekkerbekkie@annaemm.co.za – Of kontak ons kantoor by 021 911 5618. Die sluitingsdatum vir betalings is 31 Desember 2012.

© Anna Emm Productions 2012

Lekkerlag-foto's

Ons lesers deel hulle foto's - elkeen van hierdie maatjies wen 'n geskenkbewys vir 'n storie-CD!

Chanté Pretorius

Chaylen Niemand

Eduan Naudé

Ryan & Alexi Schoeman



Christopher Hornsby

Corné Theunissen

Kiana Opperman

Monique du Plessis

Leandri Grové

Makayla Marx

Hendré Zeeman

© Anna Emm Productions 2012



Help vir Stoffel die Slakkie om by die lekker sappige plantjie uit te kom!

Wees versigtig om nie in 'n hoek vas te loop nie!

Beplan nou al jou vakansie by Die Boer Restaurant Teater in Durbanville.

8 Desember:	Liewe Heksie en die Rolskaatse – R50
12 Desember:	Bazoo – R50
13 Desember:	Rooikappie – R50
15 & 18 Desember:	Tjiff en Tjaff – R50
19 & 20 Desember:	Lollos: Oe-la-la! Suid Afrika! – R60

Bespreek by 021 979 1911

Gaan soek gerus hierdie oulike webwerwe op!

Oulike klassies vir kinders:

Pretoria North Computers 4 Kids
Internasionaal geakkrediteerde rekenaar opleiding vir alle ouderdomme, van 4 tot 104!
Kontak: Rudi Martin
0861 444 272 of 0847772360
rudi@computers4kids.co.za
www.pnc4k.co.za

Soetlief
'n Program wat kinders leer om hul emosies te identifiseer, beheer en gepas daaraan uiting te gee.
Kontak: Cynthia
082 874 4885
Cynthia@soetlief.co.za
www.soetlief.co.za

Afrikaanse Boeke:

Red Hatter Store
Groot verskeidenheid Afrikaanse kinderstories in mp3 formaat om af te laai vanaf enige plek in die wêreld!
Kontak: Anna Emm Productions
021 9115618
mail@annaemm.co.za
www.redhatter.co.za

Bazoo Kleutertydskrif
'n Twee-maandelikse kleutertydskrif propvol stories en aktiwiteite vir 4 tot 7 jariges.
Kontak: Renie Nel
074 193 0979
admin@bazoo.co.za
www.bazoo.co.za

Vermaak:

Ou Meulteater
Gesellige teatertjie in die hart van die Boland.
Tjiff en Tjaff kom kuier op Saterdag, 3 November.
Kontak: Vicky Stemmet
083 564 0056
vicky@oumeulteater.co.za
www.oumeulteater.co.za

My Favourite Things
'n Website waar jy jou gunsteling in moederskap kan ontdek en deel, asook die organiseerder van gereelde baba- en kindermarkies in die Wes-Kaap.
Kontak: Helena
0833249053
helena@myfavouritethings.co.za
www.myfavouritethings.co.za

Om jou besigheid of produkte hier te lys, kontak lekkerbekkie@annaemm.co.za

STORIEKLUB LIDMAATSKAP-VORM:

Kliek op die "fields" om jou inligting in te vul. Kliek dan "stuur" om die vorm aan ons te stuur.

Naam van Rekeninghouer: _____

Posadres vir pakkies: _____

Huis nr: _____ Sell: _____ Epos: _____

Ek wil aansluit by die STORIEKLUB vir 6 maande en kies die volgende pakket:

NB: Alle pryse sluit posgeld in vir 'n verwysingsnommer-pakkie, behalwe die eerste opsie (R79) wat met gewone pos gestuur word.

Pakket	Maandelikse fooi	Maandelikse pakkie sluit in
□ **STORIEKLUB BASIES**	**R79 per maand**	**1 x CD (4 stories) per maand** - waarde R80
□ **STORIEKLUB BASIES** *met "tracking nr*	**R99 per maand** Namibië = R105	**1 x CD (4 stories) per maand** - waarde R80
□ **STORIEKLUB BASIES -100**	**R119 per maand** Namibië = R125	**1 x CD (6 stories) per maand** – waarde R100
□ **STORIEKLUB BOEK&CD**	**R130 per maand** Namibië = R150	**1 x Afrikaanse Kinderstories boek + CD** (4 stories) - waarde R120
□ **STORIEKLUB DVD**	**R130 per maand** Namibië = R150	**1 x storie-DVD per maand** – waarde R120

NB: Indien jy graag spesifieke CDs of DVDs wil ontvang, noem hulle titels hier. Ander stuur ons vir jou ons eie seleksie uit ons katalogus. Produkte mag ongelukkig nie na ontvangs omgeruil word vir ander produkte nie. (Vir meer besonderhede oor ons produkte besoek www.AnnaEmm.co.za):

_____

_____

_____

_____

_____

_____

Debiteer my rekening op die 1ste werksdag van elke maand oor 'n periode van 6 maande:

Bank: _____ Tak: _____ Takkode: _____ Rek.tipe: _____

Naamhouer van rekening: _____ Rekeningnommer: _____

This signed Authority and Mandate refers to our contract as dated as on signature hereof ("the Agreement"). I / We hereby authorise you to issue and deliver payment instructions to the bank for collection against my / our abovementioned account at my / our above mentioned bank (or any other bank or branch to which I / We may transfer my / our account) on condition that the sum of such payment instructions will never exceed my / our obligations as agreed to in the Agreement, and commencing on the commencement date and continuing until this Authority and Mandate is terminated by me / us by giving you notice in writing of no less than 20 ordinary working days, and sent by prepaid registered post or delivered to your address indicated above. The individual payment instructions so authorised to be issued must be issued and delivered as follows i. On the 1ste working day ("payment day") of each and every month commencing on the first date applicable following the date on this agreement. In the event that the payment day falls on a Saturday, Sunday or recognized South African public holiday, the payment day will automatically be the very next ordinary business day. Further, if there are insufficient funds in the nominated account to meet the obligation, you are entitled to track my account and re-present the instruction for payment as soon as sufficient funds are available in my account; ii. Monthly; on or after the dates when the obligation in terms of the Agreement is due and the amount of each individual payment instruction may not be more or less that the obligation due; I / We understand that the withdrawals hereby authorised will be processed through a computerized system provided by the South African Banks and I also understand that details of each withdrawal will be printed on my bank statement. Each transaction will contain a number, which must be included in the said payment instruction and if provided to you should enable you to identify the Agreement. A payment reference is added to this form before the issuing of any payment instruction. I / We shall not be entitled to any refund of amounts which you have withdrawn while this authority was in force, if such amounts were legally owing to you. I / We acknowledge that all payment instructions issued by you shall be treated by my/our above mentioned bank as if the instructions had been issued by me/us personally. I / We agree that although this Authority and Mandate may be cancelled by me / us, such cancellation will not cancel the Agreement. I / We shall not be entitled to any refund of amounts which you have withdrawn while this authority was in force, if such amounts were legally owing to you. I / We acknowledge that this Authority and Mandate has been ceded to Netcash (Pty) Ltd as per your agreement with Netcash (Pty) Ltd, but in the absence of such assignment of the Agreement, this Authority and Mandate will be null and void.

_____ _____

Handtekening Datum

stuur